Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

Integriteit Respek Verantwoordelikheid Diensbaarheid Erkenning

Nuusbrief: 26 Maart 2020

Geagte ouers en voogde

SKOOLKALENDER 2020

Die Covid-19 pandemie het die wêreld voorwaar in ongekende omstandighede gedompel. Daar was baie lanklaas so akute gevoel van onsekerheid regoor die wêreld. In Suid-Afrika is daar op hierdie stadium nog nie veel duidelikheid oor hoe die skoolkalender aangepas sal word om verlore onderwystyd in te haal nie. Mnr. Lusufi (Gauteng LUR vir Onderwys) het aangedui dat die Junie-Julie wintervakansie moontlik in sy geheel geskrap sal word. Dit is egter ook nog in ‘n gespreksfase met belanghebbendes.

U moet u asseblief nie steur aan enige inligtingstukke wat ander datums aandui as wat huidiglik aangedui word nie. Daar is heelwat vervalste inligtingstukke wat allerlei ander datums kommunikeer. Op hierdie stadium sal skole ± 20 April open. Neem egter in ag dat daar nog nie ‘n vaste aanduiding is nie en die datum enige tyd gewysig kan word. Ons sal u amptelik daarvan verwittig, indien daar enige veranderinge is.

Dit is belangrik dat u kind steeds fokus op sy/haar skoolwerk en dit is nou die ideale geleentheid om konstruktief hersiening te doen en selfs vooruitstudie van werk aan te pak. Ons personeel sal op die D6 kommunikeerder aanbeveel watter opleeswerk gedoen kan word. Verskeie personeel maak reeds gebruik van Google-classroom. Die idee is om dit verder uit te brei, sodat die meeste vakke waar dit prakties moontlik is, studiemateriaal en lesse op kan laai. Dit sal ons Wonnie-kinders help om gemaklik in te val met die werk sodra die skool weer begin.

Ek wil ook aanbeveel dat u gebruik maak van die Wolkskool wat gratis oopgestel is vir leerders om aanlynlesse, in verskeie vakke, te kyk: Die Wolkskool is videolesse sowel as vakinhoude en toetse vir gr. 8 - 12 Afrikaanse leerders. Hier volg die stappe:

1. Registreer by https://wolkskool.co.za/registreer.
2. By “kies asseblief jou rol” selekteer jy “leerder” en kliek dan op “skep rekening”.
3. Klik op klaskamers.
4. Klik op OnsSkool.
5. Geniet die gratis toegang tot 30 Junie 2020.

Vanaf 31 Maart sal die Wolkskool ook regstreeks lesse uitsaai vir matrikulante. Die vakke sal Afrikaans, Engels, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Besigheidstudies en Rekeningkunde insluit. Hierdie lesse sal ook op die Wolksool se platform beskikbaar wees om af te laai.

Verder wil ek vra dat u asseblief sal aanhou om u skoolfonds te betaal. U kind sal nie minder onderrigtyd ontvang as wat hy/sy sou ontvang het nie. Daarvoor sal ons sorg.

Ek wil by voorbaat vir u en u geliefdes sterkte toewens met die uitdagings van die volgende 21 dae. Ons vyand is nie ander mense nie en die Covid-19 virus het dit weereens net kom bevestig.

M LEZAR
SKOOLHOOF

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Newsletter: 26 March 2020

Due to the fact that a lot of our parents only understand English – we also sent this letter in English.

Dear parents and guardians

SCHOOL CALENDER 2020

The Covid-19 pandemic plunged the world into unknown circumstances. It was a long time ago that the world had such an acute feeling of uncertainty. In South-Africa there are currently not yet clarity regarding how the school calendar will be adapted in order to catch up with the lost time. Mr Lusufi (Gauteng MEC for Education) indicated that the June-July holiday may be used in this regard. This however is also still being discussed between the interested parties.

Please do not pay attention towards any information you receive that indicate other dates. There is a lot of false information being communicated. At this stage schools will reopen ± 20 April. Please keep in mind that this is not yet a fixed date and can be changed at any stage. We will communicate any changes to you.

It is however very important that your child still focus on his/her school work and it is now the ideal opportunity to do constructive revision and even to study ahead. The staff will use the D6-communicator to recommend reading work. A lot of staff also already uses Google-classroom. The idea is to expand this, in order, where possible, to upload study material and even lessons. This will enable the Wonnie-children to keep up with the work and easily continue with their school work when the school starts again.

I want to encourage you to use the “Wolkskool”. This platform is free of charge available for learners to get online lessons (in Afrikaans) in different subjects. There are also video lessons, as well as subject content and tests for grade 8-12 learners. Follow the following steps in order to download the app:

1. Register at https://wolkskool.co.za/registreer.
2. Choose at “kies asseblief jou rol” the word “leerder” and click on “skep rekening”.
3. Click on “klaskamers”.
4. Click on “OnsSkool”.
5. Enjoy the free access till the 30th of June 2020.

From the 31st of March the “Wolkskool” will also broadcast lessons for the matriculants. The subjects will be Afrikaans, English, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Besigheidstudies en Rekeningkunde. These lessons are done in Afrikaans as this is the LOLT of the school. These lessons will also be available to download.

I also would like to ask you to keep up with the paying of the school fees. Your child will not receive less education time; the time frames will just change.

I would in advance like to wish you and your loved once all the best with the challenges you will face the following 21 days. Our enemy does not lie within other people – the Covid-19 virus again confirmed this.

M LEZAR
SKOOLHOOF